



## Prosedure vir die voltooiing van Brandpermitvorm

### WAAROM BRANDPERMITTE VOLTOOI MOET WORD:

- Dit is makliker om brande in die area te koördineer.
- Opvolg kan gedoen word om te verseker dat vure geblus is.
- Bure weet dat daar gebrand gaan word.
- Dit stel die standaard wanneer daar gebrand mag word of nie.
- Skakel onnodige navrae uit indien rook opgemerk word.
- Voorkom dat kansvatters op dae en tye brand wat nie geskik is nie.
- Verseker dat persone met die minimum toerusting / personeel brand.
- U tree dan op soos 'n redelike persoon sou optree binne die raamwerk van die Wet.
- Om skade en lewensverlies te verminder.

### VOLTOOIING VAN VORM:

- Par 1 u persoonlike besonderhede – laat weet BBV per telefoon/radio wanneer u begin en klaar gebrand het.
- Par 2 meld asb wie u koördineerder is.
- Par 3 meld wat u van plan is om te brand.
- Par 4 voltooi slegs dit wat op u personeel/toerusting van toepassing is.
- Par 5 kry persone wat op bystand sal wees ten tye van u brandaksie.
- Par 6 volgens Wet moet u bure ten minste 14 dae kennis kry van u voorneme om te brand.
- Par 7 sal deur BBV voltooi word. Maak seker u weet wat die Brand Gevaar Indeks is..
- Voorwaardes op permit stem ooreen met die reëls van die BBV.

*Die permit is onderhewig aan goedkeuring op dag van brand deur die uitreikingsamptenaar met inagneming van die BGI (Brand Gevaar Indeks)*

### NA VOLTOOIING:

- Stuur die voltooide vorm aan die BBV of per hand, per e-pos of per WhatsApp.
- Skakel die BBV om seker te maak dat die BBV die permit ontvang het.
- 'n Permitnommer word deur die BBV voorsien dit beteken egter nie dat indien vorm voltooi is dat die aansoek goedgekeur is nie.
- 'n Nuwe permit moet vir elke brandaksie ingedien word wat nie verband hou met eerste aansoek nie. Met die toestemming soos in punt 7 op die permit.
- Onthou om BBV inkennis te stel sodra u begin en of klaar gebrand het sodat tye aangeteken kan word.

**Kontak besonderhede: Sel no : 084 952 2882 of Epos : [info@apieslbbv.co.za](mailto:info@apieslbbv.co.za)**